# Die sleutelspeurders

"Dit is naweek!" skree ek en Samier gelyk.

Ons hardloop oor die skool se veldjie.

"Wag vir my, julle twee!" gil Samia agter ons aan.

Samia en Samier is 'n tweeling. Tweelinge lyk soms presies dieselfde, maar Samia en Samier is nie identies nie.

Samier is baie korter as sy suster. Samia het beslis die langste bene in ons klas.

"Ek moes eers my trui in juffrou Adams se klas gaan haal," sê Samia. "Ek het dit al weer daar vergeet." Sy is skaars uitasem toe sy langs ons inval en saam met ons hek toe stap.

By die hek wag ouma Mienie en my klein-sussie, Jenni-Lee.

Hulle kom haal my elke middag ná skool. Dan stap ons saam oor die grootpad en deur ons buurt. Tot by die straat waar ons bly.

Vrydae stap Samia en Samier saam met ons huis toe.

Hulle pa kom haal hulle by ons huis nadat hy by die moskee was.



Hulle is Moslems en Vrydae is 'n groot biddag vir hulle.

Soms bring Ouma vir ons iets om te eet terwyl ons stap.

Vandag het sy 'n sakkie piesangs wat sy by Freddie gekoop het. Hy smous met vrugte en groente op die hoek naby die skool. Hy gee altyd vir ouma 'n ekstra vrug as hy het, want sy is 'n gereelde koper.

"Dankie, ouma Mienie," sê Samier. Hy skil vinnig sy piesang af en begin eet. Hy is altyd honger.

"Eet, ja," sê ouma Mienie, "dat jy kan langer word. Jou suster groei jou skoon verby."

Ek skil die piesang af en gee vir Jenni-Lee 'n stukkie.

Sy eet net 'n bietjie en dan wil sy dit nie meer hê nie. Sy vee dit aan haar hempie af.

Kleintjies kan so morsig wees!







Teen die tyd dat ons in Bosduiflaan afdraai, is ek al lankal reg om my skoolskoene uit te trek.

"Laaste by die voordeur is 'n vrot tamatie!" gil ek en ons spring met 'n vaart weg.

Samia wen amper altyd. Sy is baie vinnig.



Maar vandag is ek eerste.

"Sjoe, jy het teen ninja-spoed gehardloop, Keegan," sê Samier toe hy by die voordeur aankom.

Ouma en Jenni-Lee kom nou ook aangestap. Jenni-Lee hou iets blinks in haar hand vas. Toe Ouma dit sien, vra sy: "Wat het jy daar, Jenni-Lee?" Sy maak Jenni-Lee se vuil handjie oop.

Ouma hou twee sleutels aan 'n ronde metaal-sleutelhouer in die lug op.

Op die sleutelhouer is twee groot rooi letters: 'n T en 'n M.

Ouma Mienie kyk goed daarna voordat sy dit in haar sak sit.

"Waar het jy die sleutels gekry?" vra Ouma. Sy buk af om na Jenni-Lee se antwoord te kan luister.

Jenni-Lee trek haar skouertjies op en wys met haar vinger na die pad. "Dit was op die gras," sê sy sag.

